higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

DAGSORGPERSONEELONTWIKKELING N4

5 JUNIE 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	Onwaar
	1.1.2	Onwaar
	1.1.3	Onwaar
	1.1.4	Waar
	1.1.5	Onwaar
	1.1.6	Onwaar
	1.1.7	Waar
	1.1.8	Waar
	1.1.9	Onwaar
	1.1.10	Onwaar
	1.1.11	Waar
	1.1.12	Onwaar
	1.1.13	Onwaar
	1.1.14	Waar
	1.1.15	Onwaar
	1.1.16	Waar
	1.1.17	Onwaar
	1.1.18	Onwaar
	1.1.19	Onwaar
	1.1.20	Onwaar

(20 × 1) (20)

1.2	1.2.1	Persoonlikheid
	1.2.2	Subsidieer
	1.2.3	Dagsorgsentrum
	1.2.4	Kworum
	1.2.5	Dagsorgsentrum/crèche/kleuterskool
	1.2.6	Manipuleringsarea
	1.2.7	Tweeledige beplanning
	1.2.8	Verpligting
	1.2.9	Private vergaderings
	1.2.10	Buffet

(10 × 2) (20)

1.3	1.3.1	E
	1.3.2	C
	1.3.3	D
	1.3.4	A
	1.3 5	B
	1.3 6	I
	1.3.7	F
	1.3.8	J
	1.3.9	G
	1.3.10	H

(10 × 1) (10)
[50]

TOTAAL VIR AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1

- 'n Hoëgehalte-, voorskoolse dagsorgprogram lewer jong volwassenes op met heelwat meer hoedanighede as diegene wat nie aan sodanige ervaring blootgestel is nie.
- Dagsorg- en voorskoolse onderwys maak dus deel van die oplossing vir vandag se maatskaplike probleme in Suid-Afrika uit.
- Ouers se betrokkenheid by die dagsorginstelling dra tot onderwys by wat hulp aan families en gemeenskappe verleen om hul lewenswyse te verbeter en op te hef.
- Deur hul betrokkenheid by dagsorgsentrums aanvaar ouers en die breër gemeenskap verantwoordelikheid vir die onderwys van die gemeenskap se kinders.
- Wanneer ouers, veral enkelouers, betrokke raak by byvoorbeeld fondsinsameling, word hulle aan geleenthede blootgestel om nuwe verhoudings aan te knoop en te ontwikkel. 'n Ondersteuningstelsel ontstaan sodoende en dit kan gebruik word wanneer die behoefte ook al daaraan ontstaan. (Enige 5 × 1) (5)

2.1.2

- Kinders woon gewoonlik 'n speelgroep in die oggend by.
- 'n Speelgroep word vir 'n maksimum van vyf uur per dag aangebied.
- Dit kan elke dag aangebied word of slegs op bepaalde dae van die week.
- 'n Program word aan kinders tussen twee en ses jaar oud aangebied.
- Die groep bestaan uit minstens ses en hoogstens 20 kinders.
- Dit is nie nodig om 'n speelgroep te registreer nie. (Enige 5 × 1) (5)

2.1.3

- In sekere dagsorgsentrums word kinders vir 'n remediëringsprogram ingeskryf om bepaalde probleme waarmee die kind moontlik sukkel, reg te stel.
- Remediëringsprobleme kan verband hou met kognitiewe probleme, byvoorbeeld kinders wat sukkel om te konsentreer en take te voltooi, waarvoor arbeidsterapie nodig is.
- Kinders met verskeie belemmerings kan al uit vroeë remediëring voordeel trek.
- Die remediëringsentrums, net soos die aanvullendesorg-sentrums, kan nie die gesin se insette vervang nie.
- Die neiging is deesdae om kinders met verstandelike probleme in hoofstroomonderwys te inkorporeer, maar om dan hul probleme individueel met behulp van spesialiste te remedieer. (Enige 4 × 1) (4)

2.1.4
- Daar moet bergplek binne (bv. 'n rak of vakkie) sowel as buite (bv. 'n sluitkas) voorsien word.
- Individuele sluitkaste moet met die kinders se naam gemerk word. Hulle kan hul sakke en ander besittings veilig daarin bêre.
- Die kinders behoort hul besittings self uit hul sluitkas te kan haal of van die rak te kan neem. (3 × 2) (6)

2.1.5
- Aanvullende sorg bevorder kinders se sterkpunte en talente wat ouers reeds begin ontwikkel het en voorsien 'n ondersteuningstelsel aan die ouers.
- Aanvullende sorg ondersteun die ouers deurdat dit hul kinders gedurende die dag koester en opvoed wanneer die ouers by die werk moet wees.
- Die ouers kan baie uit hul kontak met gekwalifiseerde dagsorgpersoneel en onderwysers leer en sodoende hul vlakke van ouerlike bevoegdheid verhoog. (3)

2.2
- Om goeie menseverhoudings te handhaaf
- Om ouerbetrokkenheid te verkry
- Om balans te voorsien en 'n verskeidenheid aktiwiteite aan te bied
- Om goeie organiserings- en beplanningsvaardighede te openbaar
- Om 'n omvattende program aan te bied
- Om individuele sorg te bied
- Om die kinders aan 'n verskeidenheid konkrete ervarings bloot te stel
- Om 'n goed beplande speel- en leeromgewing te skep
- Om 'n gesonde en veilige omgewing te skep
- Om goeie selfbegrip by kinders te kweek
- Om gelukkige kinders op te lewer
- Om goeie waardes en norme te bevorder
- Om doelgerig te wees (Enige 7 × 1) (7)

2.3 Tema-uitstalling
- Vertoon allerhande soorte voorwerpe op 'n tafel sodat die kinders dit kan verken.
- Die uitstallingstafel kan met die wetenskaptafel gekombineer word.

Luisterhoekie
- 'n Bandopnemer met oorfone kan aan die kinders 'n geleentheid bied om vreedsaam na hul eie keuse van musiek te luister sonder dat hulle die res van die groep tydens rustyd steur.

Boekhoekie
- Voorsien sagte kussings, groot boontjiesakke en boeke wat met die tema van die week ooreenstem, prenteboeke, tydskrifte en tuisgemaakte boeke in die boekhoekie.

Fantasiehoekie
- Rig 'n hoekie in met 'n speelgoedhuis asook 'n kamtige kliniek, winkel en vulstasie. Kinders kan veilige en toepaslike artikels/speelgoed en ou klere van die huis af bring, of die dagsorgfasiliteerder kan artikels aankoop soos 'n speelgoeddokterstassie.

Blokhoekie
- Voorsien motorkarretjies, plastiekdiere en boublokkies van wisselende groottes in die blokhoekie.
- Leer die kinders om mekaar se blokkiekonstruksies te respekteer en dit nie om te stamp nie.

Hoekie met opvoedkundige speelgoed
- Daar moet legkaarte, Lego's, bordspeletjies, wiskundespeletjies, pennetjies en 'n pennetjiesbord, en so meer in die opvoedkundige hoekie voorsien word. (Enige toepaslike 7 × 2) (14)

2.4
- Die ouderdom en ontwikkelingstadium van die kinders in jou groep
- Die beskikbare ruimte, soort gebou en die soort geriewe
- Weerstoestande
- Die groep se unieke vereistes
- Die beskikbare opvoedkundige hulpbronne
- Die lengte van die dag
- Die aantal personeellede asook hul kwalifikasies en ervaring
- 'n Beplande program
- Die kinders se veiligheid
- 'n Verskeidenheid aktiwiteite (Enige 6 × 1) (6)

[50]

VRAAG 3

3.1 3.1.1
- Maak seker dat al die reëlings in verband met die lokaal, datum, tyd, verblyf, vervoer en verversings getref is en steeds in orde is.
- Bespreek die agenda met die voorsitter.
- Maak seker dat niks vergete is nie.
- Plaas die die notule van die vorige vergadering in die notuleboek.
- Plaas alle dokumente, briewe en kennisgewings in 'n chronologiese volgorde aan die hand van die items op die agenda.

3.1.2
- Maak seker dat die lokaal skoongemaak is en dat daar genoeg stoele uitgesit is.
- Maak seker dat die bywoningsregister geteken word.
- As die dagsorgfasiliteerder ook die vergadering moet bywoon, moet hy/sy aantekeninge maak van belangrike feite en datums waarop sy/haar bestuurder bepaalde take of verslae, wat aan hom/haar toegewys is, moet uitvoer of indien.
- Teken die tye aan waarop die bywoners van die vergadering die lokaal met die voorsitter se toestemming verlaat.
- Skryf die tye neer waarop die vergadering begin en eindig.
- As die dagsorgfasiliteerder nie toegelaat word om die vergadering by te woon nie, moet hy/sy met sy/haar daaglikse take voortgaan.

3.1.3
- Maak seker die lokaal word weer skoongemaak en opgeruim.
- Verseker dat die oudiovisuele toerusting, die mikrofoon en bandopnemer steeds in werkende toestand is en bêre dit weer op 'n veilige plek.
- Sodra die dagsorgfasiliteerder die notule klaar geskryf het, moet hy/sy dit vir goedkeuring aan die voorsitter gee.
- Stuur netjies getikte kopieë aan almal wat die vergadering bygewoon het.
- Betaal die spyseniers indien hulle nie op die dag van die vergadering betaal is nie. (3 × 5) (15)

3.2
- Algemene ledevergaderings: Elke organisasie hou 'n algemene jaarvergadering, waartoe die lede van die organisasie toegang het.
- Komiteevergaderings: Die bywoners van die vergadering bestaan uit die uitvoerende gesag van 'n organisasie wat gewoonlik uit die voorsitter, die ondervoorsitter, die tesourier en twee of drie addisionele lede saamgestel word.
- Vergaderings in camera: Hierdie vergaderings word agter geslote deure gehou. Die besluite wat geneem word, is vertroulik.
- Kongresvergaderings: Dié soort vergaderings vind by 'n groot organisasie plaas en die lede van die organisasie kom van verskillende dorpe en streke om die vergadering by te woon, of hulle is verteenwoordigers van die verskillende takke van regoor die hele land. (4 × 2) (8)

3.3
- Hulle het 'n negatiewe persepsie van hulself en is dikwels teruggetrokke en skaam.
- Hulle is krities teenoor hulself en aanvaar nie wie hulle is nie.
- Hulle is krities jeens ander mense.
- Hulle beskik dikwels nie oor 'n humorsin nie.
- Hulle kom dikwels nie met ander mense oor die weg nie. (5)

3.4 3.4.1 Emosionele uitwerking
- Word maklik geïrriteer
- Voel bang en eensaam
- Voel skuldig en angstig
- Is hipersensitief of aggressief

Uitwerking op die sosiale lewe
- Problematiese verhoudings of vernietigende huwelike
- Probleme met die familie en met die kinders
- Laer produktiwiteit by die werk
- Finansiële probleme en botsings met die gereg

3.4.3 Fisieke uitwerking
- Gewigsverlies of gewigstoename
- Swak koördinasie en slapeloosheid
- Verlies van eetlus en seksuele probleme

(3 × 4) (12)

3.5 Melk en suiwel
- afgeroomde of laevetsuiwelprodukte soos laevetmelk, maaskaas en jogurt

Vleis en vleisalternatiewe
- vis, boontjies en ertjies

Vrugte en groente
- vars vrugte en groente

Graangewasse
- hawermout, vesel, volkoring

Vette en olies
- verskeidenheid verminderde vette, sonneblomolie

(5 × 2) (10)
[50]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Kultuur
- 'n Spesifieke groep mense se morele waardes, gewoontes en houdings
- Verskillende waardestelsels, byvoorbeeld verskillende kulture met verskillende beskouings oor oogkontak en stemtoon
- Vroue se status en persoonlike ruimte (4)

4.1.2 Milieu
- Verskillende mense beoefen verskillende beroepe.
- Elkeen het 'n unieke kulturele en opvoedkundige agtergrond.
- Die plekke waar 'n kind sy of haar kinderjare deurbring, beïnvloed hom/haar om op 'n bepaalde manier op te tree, te handel of te glo. (3)

4.1.3 Belangstellings
- Mense se belangstellings kan verskil.
- Hulle tree verskillend in verskillende situasies op omdat hul gedrag verskil.
- Belangstellings wat in die kinderjare getoon is, bly nie altyd dieselfde in die volwassenejare nie. (3)

4.1.4 Aanleg
- Die natuurlike vermoë om dinge te doen
- Kan met verloop van tyd ontwikkel word
- 'n Korrelasie tussen 'n persoon se aanleg en belangstellings
- Mense se voorkeur om die dinge te doen waarin hulle uitblink/goed is (4)

4.1.5 Liggaamlike voorkoms
- Almal lyk anders wat gesigskenmerke en liggaamsvorm betref.
- Verskillende fisieke voorkomste maak dat mense unieke en individuele wesens is. (2)

4.1.6 Onderwys
- Mense kom van verskillende opvoedkundige agtergronde.
- Hulle beskik oor verskillende vermoëns, soorte kennis en vaardighede.
- Onderwys en intellektuele stimulasie maak dat mense uniek is.
- Mense gebruik verskillende opvoedkundige terme op grond van hul beroepe. (4)

4.2 4.2.1
- Inligtende (ondersoekende) onderhoude
- Oorredende (oortuigende) onderhoude
- Probleemoplossingsonderhoude
- Dissiplinêre (tug-) onderhoude
- Werksonderhoude (5)

4.2.2 Inligtende (ondersoekende) onderhoude
- Verkry, verskaf of ruil inligting uit
- Verifieer inligting as die inligting wat tydens 'n vorige vergadering verkry is, verkeerd was

Oorredende (oortuigende) onderhoude
- Oorreed 'n persoon om sy/haar standpunt te verander
- Oorweeg andersins probleemoplossings- of dissiplinêre onderhoud

Probleemoplossingsonderhoude
- Verseker dat 'n vorige probleem behoorlik opgelos is
- Rapporteer terug

Dissiplinêre (tug-) onderhoude
- Wys 'n persoon tereg weens ongewenste optredes
- Doen stappe op grond van die ongewenste gedrag
- Kan skade aan 'n persoon se selfbeeld aanrig

Werksonderhoude
- Stel die suksesvolle en onsuksesvolle applikante, wat om 'n spesifieke pos aansoek gedoen het, in kennis
- Verskaf inligting oor die eerste dag by die werk (5)

4.3 4.3.1 Spanwerk behels die samewerking tussen 'n groep mense wat dieselfde doelstellings wil bereik. (2)

4.3.2
- Bereidwillig om voor- en afkeure ter syde te stel
- Bereid om te help
- Openbaar eerlike en opregte waardering
- Moedig kreatiwiteit aan
- Vermy skadelike en kwaadwillige skinderstories
- Betuig empatie en toon belangstelling
- Doen saam oefeninge wat vertroue bou
- Omskryf elkeen se rol in die span
- Bestuur konflik (Enige 5 × 1) (5)

4.4 4.4.1 Formele onthaal

- Dit kan as 'n fondsinsamelingsfunksie gereël word.
- Dit kan gebruik word om spesiale gaste te onthaal of om 'n jaareindfunksie aan te bied.
- Ligte of swaar maaltye kan voorgesit word, afhangende van die aard van die funksie.
- Gaste word óf deur die gasvrou óf deur kelners bedien.

4.4.2 Kaas-en-wyn-partytjie

- Groot of klein groepe kan met gemak tydens 'n kaas-en-wyn-party onthaal kan word.
- Die kleredrag kan van formeel tot semiformeel wissel, na gelang van die geleentheid.
- Maak seker dat die gaste om die tafels kan rondbeweeg.
- Vars vrugte kan as fokuspunt gebruik word.

(2 × 4) (8)

4.5

- Groepeer die tafels saam.
- Die fokuspunt moet óf in die middel óf aan die kant van die tafel wees.
- Sit tafels met verskillende hoogtes uit.
- 'n Kelner moet beskikbaar wees om die drankies, wat aan die een kant uitgepak word, te bedien.
- Maak seker daar is 'n kos met 'n verskeidenheid vorms, kleur en tekstuur.
- Bedien bier, wyn, bruisdrankies en vrugtesap.
- Voorsien glase vir die drankies. (Enige 5 × 1) (5)

[50]

TOTAAL VIR AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou